# Gebruik Wesfed Skaap Produkte vir Optimale Produksie by Speen Lammers

(Geskryf deur: Steyn Pretorius, Dierevoedingskundige, Wesfed voere) *Oktober 2014*

In die hedendaagse mark waar voer en graan pryse die hoogte in skiet is dit uiters belangrik om te streef na doeltreffendheid en optimale produksie syfers. Die optimale uitkoms is om afrond lammers so vining as moontlik op gewig te kry en so min as moontlik voer tydens daardie periode te gebruik.

## Wesfed Skaap Afrond Pille

Wesfed Skaap Afrond pille kan gebruik word as ‘n volvoer vir afrond lammers.

Die produk bevat verskeie proteïen bronne wat hoog in verbyvloei proteïene is. Verbyvloei proteïene word in die laer spysverteringskanaal afgebreek en benut waar dit ‘n direkte invloed op produksie in die dier sal he.

Die insluiting van hoogs verteerbare energie en vesel bronne verseker dat die dier minder energie mors op vesel verteering en meer gebruik vir produksie en groei.

Die produk bevat ook ‘n reeks gebalanseerde minerale en vitamiene om optimale gesondheid en produksie te lewer.

Die insluiting van ‘n sterk buffer help om die pH in die rumen konstant te hou en suurpens te verhoed – pH daling kan drastiese effekte op die rumen mikrobes hê. ‘n Daling in pH veroorsaak deaktivering en vertraagde produksie van rumen mikro organisms wat ‘n rol speel in vesel vertering, mikrobiese proteïen sintese en stysel vertering. Dus is dit van uiters belang om die pH van die rumen optimaal te hou.

Die insluiting van Ammonium Chloried en Ammonium Sulfaat help met verskeie metaboliese steurnisse wat kan plaasvind tydens groei en ontwikkeling. Ammonium chloried en Ammonium Sulfaat help om die uriene onder ‘n sekere ph te hou wat verkalking of kristal vorming verhoed, naamlik Urinary Calculi. Die gebruik van ammonium chloried en Ammonium Sulfaat saam met die regte kalsium tot fosfaat balans is meer effektief om sulke tiepe metaboliese steurnisse te voorkom. Wesfed se skaap afrond pille is geformuleer om die regte kalsium tot fosfor verhouding te hê. ‘n Verhouding van 2:1 is optimaal en hou verskeie voordele in, bv: beter algemene gesondheid, droë materiaal inname verhoog, algemene produksie verbeter, ens.

Die produk bevat ook ‘n reeks stysel en vesel verterende ensieme wat die vertering van die bogenoemde rou materiale vergemaklik.

De doel van die volvoer pil is vir boere wat skape in ‘n voerkraal stelsel of in ‘n kamp stelsel so vining as moontlik wil afrond. Die skaap afrond pil is geskik vir boere wat nie meng geriewe op die plaas het nie en dus dit meer gerieflik vind om ‘n verpilde volvoer te koop. Daar is verskeie voordele gebonde aan verpilling van skaap voere. Daar is minder probleme soos meel wat weg waai of oog en long probleme veroorsaak as gevolg van meel

wat inge-asem word. Die diere kan nie voer uitsorteer nie wat normalweg 'n probleem veroorsaak as ruvoer nie fyn genoeg gemaal word voordat dit by die meel bygevoeg word nie. Die hanteerbaarheid is baie beter en die vermorsing van voer is redelik minder as met 'n meel.






## Skaap Afrond Pille Proef

'n Proef is uitgevoer om die effektiwiteit en doeltreffendheid van die produk te toets en die resultate is belowend.


Die lammers is aangepas op die pille vir twee weke, net na speen, en stelselmatig hoër voedingspeile van die pille gegee totdat 'n maksimum inname van 1.2 kg per lam per dag bereik is. Die gemiddelde daaglikse toename is weekliks geneem om groei en winsgewendheid van die produk te bepaal elke lammers is individueel geweeg tydens die proef. Tabel 1 gee 'n uitkoms van die proef deur.

**Tabel 1**: Wesfed Skaap Afrond Proef Resultate

| | 31/10/13 | 07/11/13 | 14/11/13 | 21/11/13 |
|---|---|---|---|---|
| TOTAAL (kg) | 5114 | 5743.7 | 6089.2 | 6460 |
| AANTAL LAMMERS | 147 | 154 | 154 | 154 |
| GEM. GEWIG (kg) | 34.79 | 37.30 | 39.54 | 41.95 |
| GEM. GDT (g/dag) | 156.33 | 358.23 | 320.50 | 343.97 |

Die lammers is gevoer volgens 'n kaffeteria stelsel en addisionele ruvoer is gegee. Die eerste twee weke se data het gedien as aanpassing en slegs die tweede week van aanpassing is in ag geneem (31/10/2013). 'n Gemiddelde daaglikse toename van meer as 300g is opgemerk.

## Wesfed Supergain S




Supergain S skaap konsentraat is 'n hoë proteïen konsentraat wat gebruik kan word in lekke en volvoere. Met 'n ru-proteïen waarde van 58% en 'n hoe vebyvloei proteïen waarde afkomstig van 'n reeks oliekoeke en ander natuurlike proteïen bronne, is die produk geskik vir hoë produksie kuddes, waar voer omset vermoë 'n prioriteit vorm. Die hoë proteïen waarde in die produk beteken dat die insluitings vlakke in lekke en volvoere redelik laag hoef te wees.

Die produk bevat ook 'n gebalanseerde samestelling van mikro- en makro-minerale, asook die essensiële vitamiene om optimale produksie en gesondheid in die dier te handhaaf.

Die produk bevat ook produkte soos Ammonium Chloried en Ammonium Sulfaat wat help om Urinary Calculi in hoë produksie kuddes te voorkom. Die gebruik van buffers help ook die ruminale pH van die skaap te beheer.

Die doel van die produk is om die rou materiale wat die boer op die plaas tot sy beskikking het te gebruik saam met die HPK. Die swartland is bekend vir sy graan produksie en dus het verskeie boere klaar grane soos korog, gars en hawer tot hulle beskikking. Die produk word dan deur 'n voedingskundige geformuleer en gebalanseer saam met die rou materiale wat die boer beskikbaar het op die plaas om 'n lek of 'n volvoer te meng. 🅆

Kontak gerus vir Steyn Pretorius met enige navrae oor die produkte of hulp met formulasies.

WESFED FEEDS/VOERE

Email: steyn@wesfed.co.za
Website: http://www.wesfed.co.za/
Cell: +27 72 444 2062
Work: +27 22 433 4706
Moorreesburg
7310